LitNet Akademies Jaargang 21, Nommer 3, 2024, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

"Haar grense is besig om te verskuif": *Die kontrak* as nuwe romantiese fiksie en erotiese fiksie in Afrikaans

Andrew Sutton

Andrew Sutton, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die onderskeid tussen romantiese en erotiese fiksie in Afrikaans aan die hand van *Die kontrak* deur Erla-Mari Diedericks (2023). Die teks word as eroties geadverteer en is gemerk met 'n 18+-stempel op die voorblad, maar is uitgegee deur Romanza, 'n druknaam van LAPA Uitgewers, wat bekend is vir hulle romantiesefiksiepublikasies. Die teksanalise word uitgevoer met 'n raamwerk ontwikkel uit seksueledraaiboekteorie. Die raamwerk se doel is om 'n oorsig van die konteks van seksuele handelinge in die teks uit te lig. *Die kontrak* word ook vergelyk met romantiesefiksietekste en spesifiek *Fifty shades of Grey* (2011). Die ondersoek het bevind dat die teks voldoen aan verskeie van die vereistes om as erotiese teks geklassifiseer te word, maar dat die erotiese op 'n ingeperkte manier aangebied en afgeskeep word ter wille van die romantiese trope. Die teks kan dus as 'n hibride vorm van romantiese en erotiese fiksie beskryf word.

Trefwoorde: *Die kontrak*; erotiese fiksie; romantiese fiksie; seksueledraaiboekteorie

Abstract

"Her limits are shifting": *Die kontrak* as new romantic fiction and erotic fiction in Afrikaans

Die kontrak ("The contract") by Erla-Mari Diedericks (2023) was marketed as erotic fiction and reminiscent of *Fifty shades of Grey* (2011) by E.L. James. The novel was published by LAPA, a romance novel publisher. *Die kontrak* tells the story of Marike Labuschagne and Brett Bezuidenhout's relationship. Marike answers an advertisement in which an anonymous person is looking for a muse and is willing to pay the sum of R200 000 for three months' work.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Over the course of the novel, it is suggested (and expressed explicitly towards the end) that Marike was hired for companionship and sex. *Die kontrak* appears to be a hybrid of the romantic and erotic fiction genres. This discussion analyses the first publication in the new RomanzaStoom ("Romanza Steam") series (which is categorised as 18+/erotic texts), *Die kontrak*, using sexual script theory and the characteristics of erotic fiction. It will be compared with the findings of an analysis of Romanza romance novels to determine to what extent the new genre of the Romanza imprint differs from the existing Romanza texts. The purpose of the discussion below is to assess two core aspects of the novel: (1) To what extent is *Die kontrak* a work of romantic fiction? (2) Is the link to *Fifty shades of Grey* appropriate? The discussion will provide insights into the distinction between the existing romantic fiction texts and the new more erotic texts.

First, the textual analysis is performed using a text analysis framework developed from sexual script theory. Secondly, *Die kontrak* is compared to other romantic works of fiction and noticeable similarities and differences are highlighted. Finally, *Die kontrak* is compared to *Fifty shades of Grey* to determine the extent to which *Die kontrak* mirrors *Fifty shades of Grey*. In the initial marketing the novel is connected to *Fifty shades of Grey*. The purpose of the discussion is to determine the accuracy of *Die kontrak* classification as erotic fiction based on comparisons to romantic and erotic works of fiction. The investigation seeks to conduct narrative, content and thematic analyses in order to provide qualitative insights into *Die kontrak*, the first title in the RomanzaStoom-series.

When the concept of a script is applied specifically to the sexual and sexuality, it provides learned guidelines for individuals about appropriate actions, spaces, times and actions in sexual situations. It also provides the basis of where deviations and changes in norms about sexual attitudes and actions take place. The textual analysis involves discussions of past relationships, sexual experiences, sexual standards, characters' attraction to each other, common sexual scripts and actions, and how the sexual scenarios are developed and performed.

In *Die kontrak* conversations about sex take place more openly. Early in the novel, the two main characters' definitions of sex are presented. The heroine, Marike, defines sex as penetration and the hero, Brett, defines sex as orgasm.

The novel contains several comic scenes, and humour is intertwined with the dialogue. The first erotic acts between Brett and Marike are an example of this. He laughs at the flowers pasted over her nipples. Later, Marike laughs, disturbing the erotic atmosphere multiple times when Brett is trying to give her an orgasm without touching her.

In the build-up to the sexual acts in the novel, the main characters drink at least two glasses of sparkling wine (40, 49, 50, 61). Marike often notes that the sparkling wine makes her light-headed and she is then willing to surrender herself to Brett (58–9, 97, 103, 148). Later in the novel, she admits their relationship was only sexual because of alcohol (158). The first sex scene with alternative elements occurs in chapter 15. In this chapter, Brett and Marike practice light BDSM (bondage, discipline, sadism and masochism) with a blindfold and handcuffs, used for a short time, along with conventional penetration sex.

From chapter 18 (page 133), no further erotic or sexual acts take place implicitly or explicitly. The wedding night is the last time the characters in the novel have sex and then it becomes shorter and more implicit than the previous love scenes. The rest of the text (56 pages in total)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

focuses on the conflict introduced at this late stage and overcoming the obstacles and miscommunication that block Marike and Brett's relationship. The elements of conflict and miscommunication are requirements of the romantic fiction script. In the case of *Die kontrak*, the conflict arises from the beach wedding being confirmed as genuine and binding (a shock to both the main characters and Brett's lawyer) and the miscommunication is created when Marius (Marike's ex-fiancé) lies to Brett when saying he and Marike are back together.

Although *Die kontrak* is classified and marketed as erotic fiction, it is still a work of romantic fiction published by a romantic fiction publisher. The story contains several of the expected romantic fiction tropes. The heroine falls in love with Brett almost immediately and it later becomes known that he also fell in love with her. The mock wedding that takes place is confirmed as legal and when they try to declare the marriage invalid, they confess their love for each other and decide to stay married and be together. The tension that arose from the conflict between the hiring contract, which prohibits Marike from falling in love with Brett, and the marriage contract, which is concluded and signed, as well as the binding force of the ritual, evaporates. Before this occurs, the hero and heroine are first driven apart by the conflict that has arisen. Brett and Hendrik are convinced Marike did it on purpose with the intent to get her hands on Brett's money, and Brett's ex-wife Alexis confronts Marike and drives her away from Brett. Later, in court, it is revealed that Marius also contributed to the conflict. The title manifests itself again at the end of the story when the main characters declare that contracts are voidable but not love (184) and both realise "the heart has made its own contract" (185) (my translation).

One of the most obvious differences between *Die kontrak* and *Fifty shades of Grey* is the absence of a contract and details about the contract's content in *Die kontrak*. In *Die kontrak*, reference is made briefly to the appointment contract that will be drawn up, but exact wording and concrete manifestation of a contract is entirely absent. Marike is hired as personal assistant and editor, but noticeably she rarely performs any of the tasks. As already mentioned, Marike was hired for companionship and sex. The core aspect of *Fifty shades of Grey* – the contract Anastasia carefully reads, researches and negotiates before signing in the lead-up to her safe explorations of alternative sex – does not manifest in *Die kontrak* in any way. In the *Fifty shades* series, the contract and stipulations of Anastasia and Christian's relationship are fully presented to the reader (pages 165–75 in *Fifty shades of Grey* (2011) and pages 176–86 in *Grey* (2015), where the text is stylised to look like a contract and presented with framed pages), but this is not the case in *Die kontrak* the reader is informed of Marike's employment as muse, the payment, and that the contract stipulates that she must not fall in love with Brett, but nothing further (18).

Die kontrak demonstrates characteristics of both the romantic and erotic fiction genres and is therefore a hybrid work in nature. *Die kontrak* contains all the necessary elements to be described as romantic fiction, but also sufficient elements of erotic fiction to carry the erotic and 18+ markers.

It appears that *Die kontrak* is not a rewrite of or improvement on *Fifty shades of Grey*. The discussion demonstrates that there are too many deviations from the core aspects of *Fifty shades of Grey* and is therefore not an improvement either. Any statements that the text links to *Fifty shades of Grey* in unfounded.

Keywords: *Die kontrak*; erotic fiction; romantic fiction; sexual script theory

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

1. Inleiding

Met die woorde: "Staan opsy, Christian Grey! Hier kom Krisjan Grys! Nuwe Romanza laat omtrent die kwik styg" (Green 2023) word die eerste teks in Romanza, 'n druknaam van LAPA Uitgewers, se nuwe Stoom-reeks aan die leserspubliek bekendgestel. *Die kontrak* deur Erla-Mari Diedericks (2023) beloof om die leserspubliek se versoek vir meer erotiese tekste in Afrikaans te vervul. As deel van die bemarking word daar eerstens verwys na *Fifty shades of Grey* (2011) deur E.L. James; en tweedens, dat die hierdie teks as "erotika" of "erotiese fiksie" geklassifiseer word en "warmer liefdestonele vir lesers" (Green 2023) bied.

Die kontrak vertel die verhaal van Marike Labuschagne en Brett Bezuidenhout se verhouding. In die openingshoofstuk verbrand Marike haar eksverloofde se klere. Marike beantwoord 'n advertensie waarin 'n anonieme persoon op soek is na 'n muse en bereid is om die somtotaal van R200 000 vir drie maande se werk te betaal. Die werkgewer is op soek na iemand om as redigeerder en persoonlike assistent op te tree en saam met hulle te reis. Na 'n suksesvolle onderhoud word Marike aangestel as 'n werknemer van die bekende en enigmatiese filmskrywer Brett Bezuidenhout. Sy werk is kontroversieel en bevat sterk seksuele ondertone. Marike vra wat dit presies beteken om 'n muse te wees en wat haar werk vereis, en Brett antwoord eenvoudig dat sy hom moet inspireer. In die verloop van die verhaal word daar gesuggereer (en teen die einde uitdruklik verwoord) dat Marike vir geselskap en seks aangestel is. Die werkskontrak (die kontrak waarna die titel verwys) stipuleer ook dat sy nie op Brett mag verlief raak nie. Tydens haar eerste besoek by Brett se huis klim hy kaal en sy halfkaal in die borrelbad. Hier word hul seksuele verhouding geïnisieer. Hulle maak nie fisies kontak nie, maar sien mekaar se lywe. Die volgende oggend vertrek hulle na Mauritius. Gedeeltes van die roman (hoofstuk 11 tot 18) speel af in Mauritius by 'n luukse hotel. Hulle reis soontoe sodat Brett kan werk. Dit is hier waar hulle die eerste maal seks het, die spottroue afspeel en hul liefdesverhouding ontwikkel. Deurlopend let Marike op die romantiese atmosfeer van die Mauritius-vakansie. Tydens hierdie reis merk Marike die gedeelde gevoelens op wat tussen hulle ontwikkel.

> Die fisiese aantrekkingskrag tussen hulle is sterk, maar daar is beslis iets anders tussen hulle ook. 'n Wedersydse aanvoeling. So asof hulle mekaar verstaan. (113)

Hulle keer terug na Suid-Afrika wanneer Brett se eksvrou, Alexis, dreig om haar aandele in hulle maatskappy te verkoop. Alexis maak van die geleentheid gebruik om Marike te beledig. Marike besluit om te bedank, maar dan vind hulle uit die spottroue is wettig. Brett sê hy sal reël dat die huwelik ongeldig verklaar word en Marike gaan terug na haar huis toe. Tydens die hofverskyning om die huwelikskontrak ongeldig te verklaar, erken Marike en Brett hul liefdes-gevoelens vir mekaar en kies om getroud te bly, "[w]ant die hart het sy eie kontrak gesluit" (185).

> Hoe kan julle jul liefde smee sonder om die kontrak te verbreek? Deur dit te vervang met 'n ander kontrak. 'n Huwelikskontrak! (159)

Die teks beslaan 25 hoofstukke en 189 bladsye. *Die kontrak* blyk 'n hibried van die romantiese- en erotiesefiksiegenres te wees. Die onderstaande bespreking bou voort op die werk van my verhandeling[1] met 'n fokus op *Die kontrak*. In die verhandeling is daar ondersoek ingestel na die konteks van seksuele handelinge in Afrikaanse romantiese fiksie aan die hand van seksuele-draaiboekteorie[2] en vyf romantiese-fiksietekste.[3] Al vyf die tekste is deur Romanza ('n druknaam van LAPA Uitgewers) gepubliseer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Die onderstaande bespreking sal die nuwe RomanzaStoom-reeks (wat gekategoriseer word as 18+/erotiese tekste) se eerste publikasie, *Die kontrak*, ook aan die hand van seksueledraaiboekteorie en die eienskappe van erotiese fiksie analiseer. Dit sal vergelyk word met die bevindinge van die verhandeling en bepaal tot watter mate die nuwe genre van die Romanza-druknaam van die bestaande Romanza-tekste verskil. Die doel van die onderstaande bespreking is om twee kernaspekte van die roman te beoordeel. Eerstens word daar bepaal tot watter mate *Die kontrak* 'n romantiesefiksiewerk is; en tweedens word die roman se skakel met *Fifty shades of Grey* beoordeel. Die bespreking sal insigte verskaf oor die onderskeid tussen die bestaande romantiesefiksietekste en die nuwe meer erotiese tekste.

Greeff (1994:9) noem dat die opnoem van liefdeswoorde, romantiese gebare en die uitwys van geslagsdele nie noodwendig 'n storie eroties maak nie. Eerstens word die teksanalise aan die hand van die onderstaande raamwerk uitgevoer. Tweedens word *Die kontrak* met ander romantiesefiksiewerke vergelyk en merkbare ooreenkomste word uitgelig. Laastens word *Die kontrak* met *Fifty shades of Grey* vergelyk om te bepaal of daar 'n verbintenis tussen die twee is. Elk van die afdelings word ondersteun deur 'n teoretiese onderbou. Die raamwerk vir teks-analise word aangebied, gevolg deur die teksbespreking. Deur dieselfde raamwerk te gebruik wat gebruik is om die vyf romantiesefiksiewerke te analiseer, word 'n gelyke basis geskep om *Die kontrak* te vergelyk. In die laaste afdeling word *Die kontrak* as erotiese-fiksiewerk bespreek, en vergelyk met *Fifty shades of Grey* en die Afrikaanse erotiesefiksiewerk *Klaskamer* om 'n tweede basis vir vergelyking te skep.

Die teksanalise word aan die hand van die onderstaande raamwerk uitgevoer. 'n Akademiese publikasie wat die Afrikaanse herskrywing van *Fifty shades of Grey* en *Klaskamer* deur Vita du Preez (2019) (De Korte, Sutton en Vitackova 2023), bespreek, word betrek om *Die kontrak* se status as verbetering of moontlike herskrywing te ondersoek. De Korte, Sutton en Vitackova (2023:172) se studie bevestig dat seksuele draaiboeke relevant is vir die teksanalise van romantiese fiksie. 'n Dieptebespreking van seksueledraaiboekteorie word nie by hierdie artikel ingesluit nie. Die teorie en aspekte daarvan is gebruik om die onderstaande raamwerk vir teksanalise te ontwikkel en die raamwerk kan funksioneer as 'n opsomming of gesintetiseerde weergawe van seksueledraaiboekteorie.

Seksueledraaiboekteorie stel dit dat individue se seksuele self ontwikkel word deur uit kulturele boodskappe te leer hoe om seks uit te voer en seksueel op te tree (Wiederman 2005:497), hoe om seksuele situasies en uitnodigings te erken en wat om in seksuele situasies te doen, maar ook dat die lesse aangepas word deur die individu vir individuele toepassing (Firth en Kitzinger 2001:210). Wiederman (2005:496) beskryf sosiale draaiboeke soos volg: "Social scripts may be thought of as both social agents, prescribing what is considered normative within a culture, and as intrapsychic maps, providing directions for how to feel, think, and behave in particular situations." Wanneer die konsep van 'n draaiboek toegepas word op spesifiek die seksuele en seksualiteit, verskaf dit aangeleerde riglyne vir individue oor gepaste optredes, ruimtes, tye en handelinge in seksuele situasies. Dit verskaf ook die basis van waar afwykings en veranderinge in norme oor seksuele houdings en handelinge plaasvind. Klein, Imhoff, Reininger en Briken (2019:632) se bespreking van seksuele draaiboeke is veral van belang, omdat hulle op die onderskeid tussen manlike en vroulike seksuele draaiboeke wys:

> The traditional female sexual script assumes submissive behavior (e.g., restriction of sexual advances, gate-keeping, lower sexual desire) within heterosexual interactions, whereas the traditional male sexual script assumes a dominant behavior and sexual agency (e.g., initiation of sexual activity and high sex drive).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Individue leer uit kulturele voorbeelde of eie ondersoek en ervaring hoe om ’n gepaste tyd en plek vir ’n seksuele handeling te identifiseer, en ook hoe om seksuele handelinge uit te voer, maar deur blootstelling en refleksie kan ’n nuwe seksuele draaiboek geskep word.

Die doel van die bespreking is om te bepaal hoe akkuraat *Die kontrak* se klassifikasie as erotiese fiksie is aan die hand van vergelykings met romantiese- en erotiesefiksiewerke. Die ondersoek poog om narratiewe, inhouds- en tematiese analises uit te voer om sodoende kwalitatiewe insigte te bied oor *Die kontrak*, die eerste titel in die RomanzaStoom-reeks.

2. Raamwerk vir teksanalise

Die onderstaande raamwerk word gebruik om teksanalise van die romantiesefiksietekste en *Die kontrak* op gelyke basis uit te voer. Die raamwerk bevat die raakpunte en vrae waarvan die antwoorde ’n karakter se seksuele draaiboek sal beskryf. Die raamwerk is gebou aan die hand van ’n reeks konsepte wat met mekaar skakel. Die raamwerk bevat raakpunte uit seksuele-draaiboekteorie, romantiese fiksie, afspraakdraaiboeke (“dating scripts”), aantrekking, gender en stereotipes om die teksanalise van spesifiek romantiesefiksietekste uit te voer (Sutton 2023:25–7) en sal weens romantiese fiksie se bestaande skakel met erotiese fiksie ook bruikbaar wees vir hierdie artikel se fokus en doel.

Voorspel: karakterisering en aantrekking	’n Bespreking of beskrywing van: Verhoudingstatus Vorige verhoudings Seksuele ervarings Seksuele standaarde Vereenvoudigde manlike seksualiteit en seksuele reaksies teenoor komplekse vroulike seksualiteit en seksuele reaksies Libido of sekslus Fisieke vermoë en orgasme se rol: Is die man verantwoordelik daarvoor om die vrou ’n orgasme te gee? Die emosionele ervaring van seks: Hoe emosioneel geheg is die vrou aan die man tydens seks (of nie, of andersom)? Karakters se aantrekking tot mekaar: Is die karakter fisiek aantreklik vir die ander karakter? Is ’n karakter se status deel van die aantrekking? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens nabyheid? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens prikkeling? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens persoonlikheid? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens ooreenkomste of gedeelde belange? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens gedeelde belangstelling of aantrekking tot mekaar? Is karakters aangetrokke tot mekaar (of die een tot die ander) weens die feit dat hulle ’n gaping in die ander se lewe kan vul?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Middelspel: Seksuele draaiboeke, scenario's en handelinge	Seksuele draaiboeke: Mans is altyd reg vir seks. Vroue beperk seksuele belewing. Mans het 'n fisieke benadering tot seks. Vrouens het 'n emosionele of verhoudingsbenadering tot seks. Mans moet seksueel ervare en kundig wees. Vroue moet seksueel ervare en kundig wees. Mans inisieer seks. Vroue is poortwagters in seksuele kontekste. Enkellopende vroue wat seksueel voorkom word negatief beoordeel. Mans word beloon as hulle as seksueel beskikbaar voorkom. Mans word nie beloon as hulle seksueel voorkom nie. Seksuele scenario's: Begeerte, fisieke aantrekking en geleentheid om saam te wees word geskep om die held en heldin in potensieel seksuele deelnemers te omskep. 'n Potensieel seksuele situasie (soos 'n privaat oomblik of die twee is alleen) word geskep. Een of albei die karakters nooi die ander in die potensieel seksuele situasie in. Indien albei die uitnodiging aanvaar, vind seksuele handeling plaas; indien die uitnodiging nie aanvaar word nie, stop die draaiboekhandelinge. Enige en alle seksuele handeling: Volgorde van handeling vir seks: soen en ligte aanraking; hand- en geslagsdeelkontak (of mond- en geslagsdeelkontak) en uiteindelik seks/penetrasie. Burke se pentade: Aksie: Wat vind plaas? Scenario: Wat is die konteks waarin die aksie plaasvind? Agent: Wie voer die aksie uit? Uitvoering: Hoe word dit gedoen? Doel: Hoekom is dit gedoen?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Figuur 1. Gestruktureerde analitiese model (Sutton 2023:27–7)

Die inligting wat in die raamwerk ontgin word, kan vergelyk word met die eienskappe van romantiese fiksie en erotiese fiksie om te bepaal waar op die romantiese-erotiese spektrum die spesifieke teks lê en dus as wat die teks bestempel kan word. In die onderstaande afdelings word *Die kontrak* aan die hand van die raamwerk geanaliseer en hierdie punte word betrek in die daaropvolgende afdelings waar *Die kontrak* as romantiese en as erotiese fiksie bespreek word.

3. *Die kontrak*

Die roman open met die heldin, Marike, wat dans en wyn drink terwyl sy haar eks se klere verbrand. Sy het hom bo-op haar baas, Priscilla, betrap, in dié se kantoor, en kort daarna bedank. Sy verbreek haar verlowing met Marius en verklaar sy "is klaar met hom en sy stories" en al die leuens en skelm verhoudings waarvan sy die een ná die ander moes uitvind (5). Sy kon toe vir die eerste keer aan haarself erken dat hy haar net vir finansiële ondersteuning en as 'n huishoudster gebruik het (6).

Marike word in die eerste hoofstuk in die ideale posisie geplaas om die pos as muse te aanvaar. Sy is op daardie tydstip werkloos, enkellopend en het 'n gebroke hart. Die held, Brett, merk later op dat dit 'n goeie ding is dat haar hart gebroke is, want dan is die kanse minder dat sy op hom verlief sal raak (43). In die verloop van die verhaal herinner hy Marike aan hierdie stipulasie in die kontrak en waarsku haar om nie te hoop vir 'n gelukkige einde nie (112).

Marike voel by Brett vir die eerste keer in 'n lang tyd weer gelukkig. Wanneer sy 'n *Pretty woman*-transformasie ondergaan, dink sy: "Die vrou in die spieël is sy, maar 'n mooier sy" (92–3).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Brett se rolprente en skryfwerk is donker en spannend, en bevat passievolle verhoudings, gevaarlike mans en altyd ongelukkige eindes. Hy is ’n realis eerder as ’n optimis (54). Brett gebruik die vroue in sy films om wraak te neem op die vrou wat sy hart gebreek het. “Brett is nie ’n vrouehater nie, hy wil net die rolle verruil en die vroue ’n slagoffer maak, as wraak vir sy eksvrou wat hom een gemaak het” (111). Vir Brett is liefde en seerkry sinoniem en daarom verkies hy om liefde en die daaropvolgende seerkry uit sy lewe te hou. Marike forseer hom om sy onderdrukte gevoelens te konfronteer. Wanneer hy sê: “Ek is versigtig”, reageer Marike: “Jy is vasgevang deur vrees” (118). Brett is vir Marike aantreklik en lank. Marike merk op hy is ’n kop langer as sy en mooier as die sonsondergang en die blou see (29). Hendrik (Brett se prokureur) noem dat Brett enige vrou kan kry wat sy hart begeer omdat hy so aantreklik en beroemd is (145). Na die eerste dag in Mauritius en hulle eerste aand saam, sê Brett Marike het hom geïnspireer en wil hy ander vrouekarakters skryf; nie meer eendimensionele karakters wat blote seksvoorwerpe is nie (97). Dit weerklink later in die roman wanneer die muses beskryf word as vakansiehuise wat gehuur word (146). Marike en Alexis (Brett se eksvrou) beskryf Marike en die ander muses as betaalde gesellinne (143) wat soos ’n goedkoop slet met die advertensie (141) aangestel word.

Brett se houding teenoor vroue is dat hulle as muses bruikbaar is – hul teenwoordigheid, hul skoonheid, hul sensualiteit en hul energie (35). Hy het ook nie verhoudings met sy personeel nie, behalwe met Marike, wat spesifiek vir die doel in diens geneem is. Hy vertel dit vir Marike in die vliegtuig nadat die lugwaardin Avia Marike beledig en dit duidelik word sy stel in Brett belang.

In *Die kontrak* vind gesprekke oor seks meer openlik plaas. Reeds vroeg in die roman word die twee hoofkarakters se definisies van seks aangebied. Die heldin, Marike, definieer seks as penetrasie en die held, Brett, definieer seks as orgasme (60).

> “Maar wat definieer seks?”
>
> Sy dink ’n oomblik.
>
> “Penetrasie?”
>
> “Ja, penetrasie is een manier om na seks te kyk, maar seks kan ook gedefinieer word as wanneer jy ’n orgasme bereik.” (60)

Hierdie spesifieke gesprek ontbreek in die vyf romantiesefiksietekste wat in die verhandeling geanaliseer word. Die bostaande voorbeeld is algemeen in erotiese fiksie omdat die genre elemente van die seksuele sentraliseer en romantiese fiksie dit vermy.

Die kontrak bevat verskeie komiese tonele en humor word met die dialoog vervleg in die erotiese tonele. Die eerste erotiese handelinge tussen Brett en Marike is ’n voorbeeld hiervan. Hy lag oor die blomme wat oor haar tepels geplak is. Later lag Marike en versteur meermale die erotiese atmosfeer wat Brett in die vliegtuig probeer skep wanneer hy aanbied om haar ’n orgasme te gee sonder om aan haar te raak.

In die werksonderhoud merk Marike op dat sy liberaal is in alle aspekte van haar lewe (18), maar later merk Brett op dat sy ’n romantikus is en effens konserwatief (36). Brett gebruik hierdie stelling as uitdaging wanneer hy haar nooi om kaal by hom in die borrelbad aan te sluit.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Lischinsky (2017) dui op ’n asimmetriese betrokkenheid tussen die agent en die onderdaan en dat voorbeelde van vroulike agentskap in erotiese skryfwerk teenwoordig is, maar veel minder as manlike agentskap. Dit manifesteer tussen Marike en Brett. Marike is slegs die muse en hy is haar baas en inisieer al die seksuele handelinge. Hy posisioneer homself ook bo-op haar in liefdestonele. Sy inisieer die speelse elemente van hul verhouding, soos wanneer hulle op die bed spring en die strandtroue.

In die aanloop tot die seksuele handelinge in die roman drink die hoofkarakters ten minste twee glase vonkelwyn (40, 49, 50, 61). Marike merk gereeld op dat die vonkelwyn haar lighoofdig maak en sy dan bereid is om haarself aan Brett oor te gee (58–9, 97, 103, 148). Later in die roman erken sy hul verhouding was net seksueel omdat dit deur alkohol (158) aangespoor is.

Die eerste erotiese handelinge kom in hoofstuk 6 en 7 (bladsy 31–44) voor. Nadat hulle kaal in die borrelbad geklim het, merk Brett op dat hy die blomme wat op Marike se tepels geplak is, sal aflek (41). Hy beweeg deur die water tot teenaan haar. Dit is nie duidelik of hy Marike soen of nie. In die teks word beskryf dat sy mond millimeters van haar lippe af is en dat sy sy asem kan voel, maar dan draai sy om en klim uit die borrelbad uit (44). Later in die teks kan Marike “nog sy soen van ’n ruk terug voel” (58).

In die restaurant streel Brett gereeld sy hande oor haar lyf tydens aandete en soen hy haar gereeld voordat hulle vir die eerste keer seks het. Die roman bou op hierdie manier kumulatief op die seksuele gebeure. In aanloop tot hul eerste aand saam, soen Brett gereeld vir Marike en streel sy hande oor haar lyf en onder haar rok in. Die volgende seksuele handeling bou voort op die kaal aanraking in die borrelbad. Wanneer hulle Mauritius toe vlieg, vra Brett dat die personeel hulle privaatheid gun. Brett vra vir Marike of sy ’n lid van die “Mile high club” is. Marike antwoord nee en verwys na die aangeleentheid as ’n “wolkewoeps” (58). Brett beloof om haar ’n orgasme te gee sonder om aan haar te raak. Marike gee toe en dit is merkbaar dat dit plaasvind nadat sy ’n glas vonkelwyn “net so in haar keel af” gooi (61). Die handeling beslaan hoofstuk 10 (bladsy 60–7). Sy maak haar oë toe en met sy woorde begelei hy haar deur ’n asemhalingsoefening. Wanneer sy haar oë oopmaak, is hy millimeters van haar af. Hy beskryf en sy verbeel hoe hy aan haar vat en sy tong oor haar lyf gly. Sy moet bieg sy is syne en moet haar bene wyd oopmaak. Wanneer Marike ’n orgasme bereik, word dit beskryf as ’n snak – “[d]ie snak word ’n kreun, die kreun word ’n gil totdat die kreet van haar orgasme die kajuit vul” (67). In die volgende sin word die oomblik versteur deur turbulensie. Dit is die eerste volledig beskryfde seksuele handeling. Brett noem later dat hy dit nie met die vorige muses gedoen het nie. Dit word reeds hier duidelik dat die verhouding of die kontrak tussen Brett en Marike nie dieselfde as die voriges gaan uitspeel nie. Dieselfde word gesien in *Fifty shades of Grey* wanneer Christian meer aan Anastasia as sy vorige onderdane gun. Daar word geen besonderhede oor die vorige muses of besonderhede oor daardie verhoudings in die roman verskaf nie.

Die eerste sekstoneel met alternatiewe elemente kom in hoofstuk 15 voor. In hierdie hoofstuk beoefen Brett en Marike ligte BDSM (“bondage”, “discipline”, “sadism” en “masochism”) met ’n blinddoek en boeie, wat vir ’n kort tyd gebruik word, tesame met konvensionele penetrasie-seks. Hierdie toneel speel af na hul ete in die restaurant waar Brett opmerk dat hulle nie oesters nodig het om hul seksdrif aan te wakker nie (98). Hoofstuk 15 word toegewy aan ’n liefdes-voorspel (“foreplay”) wat in die restaurant begin het. Brett masseer haar lyf en vryf oor haar “erotiese middelpunt” voordat hy haar penetreer. In die teks speel die liefdesvoorspel oor ses bladsye af voordat die penetrasie in die tweedelaaste van die kort paragrawe plaasvind.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Die seks self word nie beskryf nie. Die volgende hoofstuk open waar Marike wakker word. Sy beskryf die herinnering aan die vorige aand as volg: "Wat begin het as 'n passievolle magspel het in die vroeë oggendure op 'n hoë, maar intieme noot geëindig" (108).

Vanaf hoofstuk 18 (bladsy 133) vind geen verdere erotiese of seksuele handeling implisiet of eksplisiet plaas nie. Die huweliksaand is die laaste maal wat die karakters in die roman seks het en dan word dit korter en meer implisiet as die vorige liefdestonele met een sin aangebied: "Dan is hy bo-op haar – sy soene warm, dringend – en sy weet of hierdie huwelik nou werklik is of nie, voltrek sal dit wel vanaand voltrek word" (132). Die res van die teks (56 bladsye) fokus op die konflik wat op hierdie laat stadium bekendgestel word en die oorkoming van die struikelblokke en wankommunikasie wat verhoed dat Marike en Brett se verhouding ontwikkel. Die konflik en wankommunikasie-elemente is vereistes van die romantiesefiksie-draaiboek. In die geval van *Die kontrak* bestaan die konflik uit die strandtroue wat bevestig word as eg en bindend ('n skok vir albei die hoofkarakters en Brett se prokureur) en die wankommunikasie aan die hand van Marius wat vir Brett lieg as hy sê hy en Marike is weer saam.

Hoewel *Die kontrak* as erotiese fiksie geklassifiseer en bemark word, is dit steeds 'n romantiesefiksiewerk, uitgegee deur 'n romantiesefiksie-uitgewer. Die verhaal bevat verskeie van die verwagte romantiesefiksietrope. Die heldin raak amper onmiddellik op Brett verlief en dit word later bekend dat hy ook vir haar lief geraak het. Die spottroue wat afspeel, word as wettig bevestig en wanneer hulle probeer om die huwelik ongeldig te verklaar, verklaar hulle hul liefde aan mekaar en besluit om getroud te bly en saam te wees. Die spanning wat ontstaan het uit die konflik tussen die aanstellingskontrak, wat verbied dat Marike op Brett verlief raak, en die huwelikskontrak, wat gesluit en geteken word, sowel as die bindingskrag van daardie ritueel, verdamp. Voordat dit plaasvind, word die held en heldin eers uitmekaargedryf deur die konflik wat ontstaan het. Brett en Hendrik is oortuig Marike het dit aspris gedoen en beplan in 'n poging om sy geld in die hande te kry, en Brett se eksvrou Alexis konfronteer Marike en dryf haar van Brett af weg. Later in die hof word dit onthul dat Marius ook tot die konflik bygedra het. Die titel manifesteer aan die einde van die verhaal weer wanneer die hoofkarakters verklaar dat kontrakte vernietigbaar is, maar nie die liefde nie (184) en albei besef "die hart het sy eie kontrak gesluit" (185).

Die wankommunikasie en misverstand word in die hoftoneel in hoofstuk 24 uitgeklaar. Marius het vir Brett gebel en gesê hy en Marike is weer saam en gaan trou, en dat Brett van haar af moet wegbly. Marike dink Brett het reeds 'n ander muse gekry en aanbeweeg. Uiteindelik bieg hy en sê hy gee om vir haar: "Ek gee om" (180) en "Ek mis eintlik, doodeenvoudig, net vir jou" (181). Die verhaal eindig 'n jaar later met die twee in 'n borrelbad waar hulle onderskeidelik hul goeie nuus deel – Brett se nuwe film is vir 'n Oscar benoem en Marike is swanger.

4. *Die kontrak* in vergelyking met romantiese fiksie

In romantiese fiksie begin die verhouding ontwikkel wanneer die held en heldin ontmoet en 'n aantrekking tot mekaar voel, maar word nie gevestig totdat die konflik verklaar of oorwin is nie (Sutton 2023:20). *Die kontrak* voldoen aan hierdie verwagte volgorde en ander vereistes en verwagtinge van die genre. Marike en Brett se aantrekking tot mekaar en verhouding word gevestig op grond van nabyheid; 'n belangrike faktor vir aantrekking in romantiese fiksie (volgens Sutton 2023:60). Die ondersoek van die verhandeling het die volgende bevind: dat seksuele handelinge twee tot drie maal per teks voorkom, maar die seksuele handeling nie in

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

alle gevalle volledig (of soms glad nie) beskryf word nie; dat voorbehoedmiddels selde genoem of gebruik word; en dat terminologie soos *penis* of *vagina* ontbreek en implisiete of koverte terminologie soos *manlikheid* of *haar hitte/kern* eerder voorkom (Sutton 2023:59–64).

In *Die kontrak* vind seks (in hierdie geval geslagsdeelpenetrasie) drie keer plaas en een uit die drie keer word volledig beskryf; en voorbehoedmiddels (kondome) word gebruik maar net een keer genoem (84). Ander seksuele handelinge vind plaas as deel van die liefdesvoorspel wat opbou tot penetrasieseks. Hierdie handelinge sluit in die *coming untouched*-toneel ('n voldoende vertaling vir die frase is nie beskikbaar in Afrikaans nie) (67), wanneer Brett Marike se liggaam masseer (105), hand-geslagsdeel-kontak in 'n openbare ruimte plaasvind (99) en Brett wat die produk van Marike se orgasme in die restaurant van haar vingers aflek (101). De Korte, Sutton en Vitackova (2023:162) dui daarop dat Afrikaans neig om eufemistiese taalgebruik (soos *manlikheid* en *vroulikheid*) te gebruik eerder as *penis* of *vagina*. In *Die kontrak* word Marike se geslagsdele haar "middelpunt" (105) of haar "erotiese middelpunte" (107) genoem. *Die kontrak* bevat nie meer penetrasiesekstonele as die romantiesefiksietekste nie, maar bevat meer verskillende voorbeelde en variasies van die seksuele handelinge.

Die kontrak open met die heldin se perspektief en skakel dan oor na 'n derdepersoonsverteller en wissel nie weer in die verloop van die verhaal van vertelperspektief nie. In drie uit die vyf romantiesefiksietekste wissel die perspektief om die beurt tussen dié van die heldin en die held in die verloop van die verhaal. Dit skep 'n volledige beeld van die konflik wat afspeel en word gebruik om die held en heldin se gevoelens om die beurt te verwoord, en op konkrete wyse te bevestig dat hulle vir mekaar lief is. In *Die kontrak* word Marike en Brett se gevoelens vir mekaar slegs vokaal tot mekaar en aan die leser uitgedruk omdat 'n derdepersoonsverteller gebruik word. Erotiese fiksie fokus op die seksuele handelinge en seksuele verhoudings van karakters, nie hul interne ervarings en refleksie op die verhouding en die ontwikkeling van romantiese liefde nie. Die verteller en perspektief van die roman vestig die leser se aandag op die nodige seksuele elemente van die verhaal en verwyder irrelevante inligting.

In die vyf romantiesefiksietekste word die heldin nie as besonder mooi of aantreklik beskryf nie, eerder as ordinêr aantreklik (Sutton 2023:65). Die ander vroue in die verhale (wat dien as die vyand of 'n indringer op die held en heldin se geluk en verhouding) word wel as ongelooflik mooi of sexy beskryf. Dieselfde kom voor in *Die kontrak* waar die lugwaardin Avia beskryf word as ongelooflik mooi in haar swart noupassende klere (50) en koud en afsydig is teenoor Marike en haar swanger noem as overte manier om Marike se gewig te kritiseer (51).

Omdat erotiese fiksie poog om die aandag op seksuele handelinge te plaas, begin die seksuele handelinge vroeg in die vertelde tyd van die verhaal afspeel. Die eerste maal wat Marike en Brett seks het, is in hoofstuk 12 (bladsy 83–5 van 189). In die meeste van die ander romantiesefiksietekste vind seks vir die eerste keer plaas ná die halfpadmerk van die boek (ongeveer bladsy 100 van 200). Hier breek *Die kontrak* weg van die romantiesefiksieformule. Dit is die norm in erotiese fiksie en *Die kontrak* voldoen dus aan hierdie genreverwagting.

5. *Die kontrak* as erotiese fiksie

Du Preez (2020:701) dui aan dat die domein van erotiek verder strek as seks en die seksuele, "into the realm of the ordinary and everyday". Davis (2015) skryf dat erotika geassosieer word met skryfwerk waarin seksuele gedrag soos penetrasie tydens seks nie uitgebeeld word nie, maar

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

eerder dat die aantreklikheid van die erotiek in die afwesigheid van ’n fisieke konneksie tussen die karakters lê. LeFranc (2017:20) se siening dat erotika subtiel te werk gaan om seks en begeerte uit te beeld, sluit hierby aan. Erotika kan nie bestaan sonder die gebruik van spesifieke taal en ’n styl wat sensualiteit suggereer en lesers met subtiliteit aanlok nie (LeFranc 2017:25). *Die kontrak* bevat slegs een volledig beskryfde sekstoneel, met die ander seksuele handelinge wat in suggestie plaasvind (soos reeds genoem). Dit kontrasteer met die eksplisiete beskrywings van seks wat in *Fifty shades of Grey* voorkom (De Korte, Sutton en Vitackova 2023:164).

Elizabeth Benedict het in *The joy of writing sex* die volgende basiese beginsels geïdentifiseer wat ’n teks eroties van aard maak: die liefdestonele is voorbeelde van goeie skryfwerk; die liefdestonele word gedryf deur die karakters se begeertes, impulse en verledes en is verbind met die res van die teks; en die karakters se verhouding tot mekaar speel ’n rol in die liefdestonele (Benedict 1996:4). Later in die boek brei sy die beginsels uit met die volgende punte: die liefdestoneel is nie ’n handleiding vir seks nie; die karakters moet ’n intense begeerte hê; en in die liefdestoneel speel die seksuele saam met ’n tweede aspek af (Benedict 1996:26). Oor die laasgenoemde skryf sy:

> I mean sex needs a purpose in your story beyond the momentary frisson it brings your characters. It needs to reveal something about them, act as metaphor, a symbol, or an illustration of an aspect of your theme, your plot, and/or your characters’ desires and dilemmas. (Benedict 1996:31)

Daar moet kortliks onderskei word tussen romantiese fiksie, erotiese fiksie en pornografie. In die verloop van hierdie bespreking word verskeie van die verskille aangebied. Seks word suggestief of geensins in romantiese fiksie beskryf nie, en met uitdruklike en ryk beskrywings in erotiese fiksie en pornografie aangebied. In romantiese fiksie is die sentrale fokus die ontwikkeling van ’n liefdesverhouding; in erotiese fiksie staan die seksuele verhouding (soms met aspekte van die romantiese) sentraal; en in pornografie sentreer al die handelinge en karakters rondom seks en ander seksuele handelinge met min belang in die nuanses van die verhouding wat tussen die karakters ontwikkel.

Erotiese fiksie word ook vanuit die hoofkarakters se perspektief verwoord en nie vanuit enige ander perspektief nie. Dit dien ook as een van die verskille tussen die erotiese en die pornografiese. Pornografie speel af vir ’n buitestaander se observasie, en vertelling of beelde wat oorgedra word, is beperk tot dit wat die perspektief aan die leser of kyker weergee. In die erotiese fiksie word ook aan die karakters se interne ervarings uiting gegee. In erotiese fiksie weerklink die seksuele handelinge verder as die toneel waarin dit afspeel en vind dit weer later neerslag in die teks. Die karakters se ervarings van en refleksies op seksuele handelinge word verwoord en later onthou en na terugverwys. Omdat die vertellings en refleksie vanuit ’n individu se perspektief aangebied word, is dit moontlik vir die seksuele handelinge om deur die teks te golf of weerklink. Die oggend na die borrelbadtoneel kort na hul ontmoeting, dink Marike steeds aan Brett se lyf wat die vorige aand teen haar gedruk was (47). In erotiese fiksie word fokus op die hele liggaam geplaas, nie slegs op die geslagsdele en penetrasie nie. In *Die kontrak* is daar enkele voorbeelde hiervan, byvoorbeeld Brett wat nie net Marike se lippe soen nie, maar ander dele van haar lyf ook (96) en haar lyf met olie masseer voordat hulle seks het (105).

Die erotiesefiksietreffer *Fifty shades of Grey* (2011) deur E.L. James volg die seksuele ontwaking van die heldin, Anastasia Steele, aan die hand van onderdanigheid (of “submission”) en BDSM-seks met begeleiding van die held, Christian Grey. Anastasia begin die roman as ’n maagd en aan die einde van die trilogie is sy ’n ervare individu in vele aspekte van seks

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

(De Korte, Sutton en Vitackova 2023:163–4). *Die kontrak* toon ’n verskeidenheid verskille van E.L. James se teks, waarvan die prominentste die afwesigheid van die meester-onderdaan-verhouding tussen die held en die heldin is. Die feit dat sy aangestel word om sy muse te wees en sy opdragte moet uitvoer, is nie genoeg motivering om die verhouding as soortgelyk aan dié van Christian en Anastasia te beskryf nie. Daar is enkele voorbeelde van Brett se beheer oor Marike – in die vliegtuig wanneer sy moet sê sy behoort aan hom (64–5) en wanneer hy haar beveel om by hom te bly (153). Anastasia se oorgawe is meer kompleks en strek wyer as Marike s’n. Anastasia moet amper al die aspekte van haar lewe aan Christian oorgee en aan sy versoeke voldoen. Marike se oorgawe is beperk tot haar werk as muse en sy hoef slegs binne daardie parameters aan Brett se versoeke te voldoen. Marike het meer agentskap as Anastasia, tree meer dinamies op en vervul die rol waarvoor sy aangestel is. Tydens haar aanstelling slaag Marike daarin om die magsbalans wat Brett geskep het, te ontwrig en sy houdings oor verhoudings aan te pas.

Een van die duidelikste verskille tussen *Die kontrak* en *Fifty shades of Grey* is die afwesigheid van ’n kontrak en besonderhede oor die inhoud daarvan in *Die kontrak*. In *Die kontrak* word daar vlugtig verwys na ’n aanstellingskontrak wat opgestel sal word, maar presiese bewoording en konkrete manifestasie van ’n kontrak is geheel en al afwesig. Marike word aangestel as persoonlike assistent en redigeerder, maar merkbaar voer sy nooit enige van die take uit nie. Soos reeds genoem, is Marike aangestel vir geselskap en seks.

> “Ek het nog geen werk gedoen nie,” lag Marike.
>
> “Ek is veronderstel om vir jou koffie te maak en te redigeer en sover kerjakker ek nog net rond.”
>
> “O, maar jy het reeds al so baie verrig, my sexy muse. Ek is geïnspireer deur jou teenwoordigheid, en mag ek noem, jou sensualiteit. Die oorgawe waarmee jy jouself aan my gee ...”
>
> Hy neem haar hand in syne.
>
> “Maar dit is nie nét die seks nie. Selfs in die kort rukkie dat ek jou ken, is jy reeds besig om my anders te laat dink oor hoe ek my rolprente in die vervolg wil aanbied.” (97)

Dit is verrassend dat een van die kernaspekte van *Fifty shades of Grey* – die kontrak wat Anastasia sorgvuldig lees, navors en onderhandel voor sy dit teken in die aanloop tot haar veilige verkenning van alternatiewe seks – nie in *Die kontrak* op enige manier manifesteer nie. In die *Fifty shades*-reeks word die kontrak en stipulasies van Anastasia en Christian se verhouding volledig aan die leser gebied (bladsye 165–75 in *Fifty shades of Grey* (2011) en bladsye 176–86 in *Grey* (2015) waar die teks gestileer is om soos ’n kontrak te lyk en met geraamde bladsye aangebied word), maar nie in *Die kontrak* nie. Die leser word ingelig oor Marike se indiensneming as muse, die betaling en dat die kontrak stipuleer dat sy nie op Brett mag verlief raak nie, maar niks verder nie (18). Hier ontstaan ’n tweede verskil tussen die tekste. In *Die kontrak* word Marike en die leser gereeld herinner aan die kontrak en dat verlief raak kontrakbreuk sou wees. Wanneer Marike verwys na die film *Pretty woman* sê Brett hy is aantrekliker as Richard Gere en herinner hy Marike aan die reëling dat hulle nie verlief gaan raak nie (53). In *Fifty shades of Grey* word daar in die res van die verhaal nie weer na die kontrak verwys nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

In beide tekste word daar genoem dat die kontrak beskerming bied vir die onderskeie partye (*Die kontrak*, 117). Die helde is die meesterfiguur en baasfiguur in die verhouding, maar dit verlaag nie die heldinne se status tot objek of lewensloos nie. Dit bevestig dat die onderdaan en die muse onderskeidelik net rolle is wat tydelik deur Anastasia en Marike gespeel moet word en dat die helde kennis neem van hierdie optrede (of "performance"). Na die spottroue verander Marike se rol van muse (of die spreekwoordelike "hired help") na eggenoot. Brett is ontsteld wanneer dit duidelik word die troue is wettig, maar beledig of beskuldig Marike nie van vuilspel nie. Sy behou haar beskermde status na die rolverandering. Die helde gee duidelik om oor die heldinne se welstand.

Die kontrak se verwantskap met *Fifty shades of Grey* skep 'n reeks verwagtinge by die leser, maar voldoen nie daaraan nie. Een van die bekende ruimtes en beelde uit die boek, die speelkamer ("playroom" of "The Red Room") van *Fifty shades of Grey*, is ook afwesig. In *Die kontrak* manifesteer die speelkamer in die vorm van hulle hotelkamer in Mauritius, maar die oorvloed BDSM-speelgoed, toestelle en meubels is afwesig. In *Die kontrak* word BDSM gesuggereer en geëvokeer eerder as vergestalt en tot 'n uiterste mate beoefen. Marike en Brett beoefen slegs ligte BDSM. Die toneel waarin hierdie ligte BDSM afspeel, is een van "romanse en verleiding" (102) met kerse en roosblare wat die kamer volmaak. Haar hande word vir 'n kort tydperk met swart fluweelboeie gebind en sy word geblinddoek met 'n swart satynmasker (103). In hierdie toneel merk Marike die swart pak wat hy dra, die swart rok wat sy dra en die vonkelwyn in haar are wat sorg dat sy nie skaam voel nie, op (103).

Esteties kom daar 'n swart of donker kleurskema dominerend in die roman voor. Die agtergrond en bandontwerp van die voorblad is swart, die huis se interieur bestaan uit swart banke en kerse, en Brett en Marike se kleredrag is alles swart. Dit blyk dat 'n swart of donker estetika die voorkeurkleurskema in Afrikaanse erotiese fiksie is. Al die tekste in die RomanzaStoomreeks het soortgelyke voorblaaie met donker agtergronde en wit teks op die swart omslag. Vita du Preez se erotiese fiksie/trilogie *Klaskamer* word op 'n soortgelyke wyse gestileer. In die geval van *Die kontrak* dra dit by tot pogings om 'n erotiese atmosfeer te skep. Die oorkoepelende temas en motiewe in *Die kontrak* is nie besonder "donker" nie. Dit is onduidelik waarom hierdie estetika vir die genre gekies is. Ek glo nie dit is weens die invloed van *Fifty shades of Grey* nie, omdat daardie estetika Christian se rykdom sentraliseer en 'n rooi kleurskema gebruik.

Die enigste merkbare ooreenkoms is die persoonlikheid van die held. Beide Brett en Christian is ryk, aantreklike, enigmatiese karakters met 'n traumatiese geskiedenis. In die geval van Christian Grey is hy verwaarloos deur sy ma en kry hy steeds nagmerries daaroor; in die geval van Brett Bezuidenhout het sy eksvrou 'n buite-egtelike verhouding gehad en hom minderwaardig laat voel. Beide plaas daarom die vroue in hul lewe op 'n afstand en in 'n onderdaan- (in die geval van Anastasia) of dienskneg- (in geval van Marike) posisie. Die verhoudings wat die helde skep en beheer, gee vir hulle 'n mate van beheer wat hulle voorheen nie gehad het nie. Brett kon nie sy vrou beheer nie, maar kan Marike beheer omdat sy vir hom werk en hulle kontrak haar verplig om volgens sy opdragte op te tree.

6. Gevolgtrekking

Die kontrak demonstreer eienskappe van beide die romantiese- en erotiesefiksiegenres en is dus hibried van aard. *Die kontrak* betrek al die nodige elemente om as romantiese fiksie beskryf te kan word, maar ook voldoende elemente van erotiese fiksie om die erotiese en 18+-merkers te dra.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Dit blyk dat *Die kontrak* nie ’n herskrywing of verbetering van *Fifty shades of Grey* is nie. Die bostaande demonstreer dat daar te veel afwykings van die kernaspekte van *Fifty shades of Grey* is en dus ook nie ’n verbetering is nie. Enige stellings dat die teks skakel met *Fifty shades of Grey* in ongegrond.

Die kontrak voldoen aan sommige van die punte wat dit as erotiese fiksie kan klassifiseer. Dit is egter merkbaar dat *Die kontrak* op ’n romantiese-erotiese-spektrum nader aan die romantiese neig en die erotiese afskeep. Dit is duidelik dat Afrikaanse romantiesefiksie- en erotiesefiksie-genres se grense besig is om te verskuif. Die teks bevat nie meer seksuele handelinge as romantiesefiksietekste nie en is ook nie meer eksplisiet as ander tekste nie. Dit is my mening dat die insluiting van seksuele handelinge anders as penetrasie nie genoeg is om *Die kontrak* buite die reikwydte van die bestaande Romanza-publikasies te plaas nie. Die kern van hierdie bespreking is om die onderskeid tussen die bestaande romantiesefiksietekste en die nuwe meer erotiese tekste uit te lig en daarin is geslaag. Die ondersoek bevind dat die teks voldoen aan verskeie van die vereistes om as erotiese teks geklassifiseer te word, maar dat die erotiese op ’n ingeperkte manier aangebied en afgeskeep word ter wille van die romantiese trope. Uit bostaande bespreking en vergelykings wat getref is, kan ’n voorlopige omskrywing van die erotiese fiksie in Afrikaans soos volg aangebied word: tekste wat uiting gee aan algemeen afwesige of implisiete en ongesegde seksuele handelinge; wat onortodokse elemente van die seksuele of seksuele ervarings (die gebruik van boeie of blinddoeke; seksuele handelinge in onkonvensionele ruimtes soos openbare spasies) openlik eerder as kovert in die teks uitdruk; wat gekoppel is aan ’n donker of swart estetika; en wat tematies grens aan die taboes en handelinge wat die grense van die verwagte konvensionele orde en handelinge van die seksuele oorskry. Hierdie omskrywing kan dien as wegspringplek vir verdere ondersoeke wat meer erotiesefiksietekste in Afrikaans betrek.

Aan die hand van *Die kontrak* is daar min onderskeid tussen romantiese en erotiese fiksie in Afrikaans, maar eerder ’n aanduiding van die begin van ’n meer konkrete onderskeid. Die roman bevat meer erotiese elemente as romantiesefiksiewerke, maar nie minder romantiese elemente nie. Ek het hierdie artikel begin skryf toe *Die kontrak* (die eerste publikasie in die RomanzaStoom-reeks) in Januarie 2023 verskyn het en sedertdien is nog vyf titels in die reeks gepubliseer. Om te bepaal of daar ’n konkrete onderskeid tussen romantiese en erotiese fiksie in Afrikaans ontstaan het en of die reeks ontwikkel het tot ’n werklike erotiesefiksiereeks, moet die nuutste titel in die reeks op ’n soortgelyke wyse as in hierdie artikel geanaliseer word.

Bibliografie

Benedict, E. 1996. *The joy of writing sex: A guide for fiction writers*. Cincinnati, OH: Story Press.

Davis, B. 2015. Erotica vs. pornography. https://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1002/9781118896877.wbiehs133 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

De Korte, I. en A. Sutton. 2021. Herskrywing van die liefdesdraaiboek in Afrikaanse romantiese fiksie. *Stilet*, 33(2):27–40.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

De Korte, I., A. Sutton en M. Vitackova. 2023. Seks in die teks: Kultuurverskille in die herskrywing van *Fifty shades of Grey* in Afrikaans en Nederlands. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 30(1):159–74.

Diedericks, E. 2023. *Die kontrak*. Midrand: LAPA Uitgewers.

Du Preez, J.B. 2020. 'Rediscovering the erotic as ordinary' in South African woman's short fiction. *Journal of Southern African Studies*, 46(4):689–702.

Firth, H. en C. Kitzinger. 2001. Reformulating sexual script theory. *Theory & Psychology*, 11(2):209–32.

Greeff, R. (samest.). 1994. *Lyfspel / Body play*. Pretoria: Haum-Literêr.

Green, P. 2023. Staan opsy, Christian Grey! Hier kom Krisjan Grys! Nuwe Romanza laat omtrent die kwik styg. *Sarie*. https://www.netwerk24.com/sarie/boeke/staan-opsy-christian-grey-hier-kom-krisjan-grys-nuwe-romanza-laat-omtrent-die-kwik-styg-20230202 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

James, E.L. 2011 (2012). *Fifty shades of Grey*. Londen: Random House.

Klein, V., R. Imhoff, K.M. Reininger en P. Briken. 2019. Perceptions of sexual script deviation in women and men. *Archives of Sexual Behaviour*, 48(1):631–44.

LeFranc, G. 2017. Lust in language: The reading, writing and translating of erotic literature. MA-verhandeling, Concordia University, Montreal.

Lischinsky, A. 2017. Doing the naughty or having it done to you? Agent roles in erotic writing. *Porn Studies*, 5(2):156–74. https://radar.brookes.ac.uk/radar/items/1db503b0-8566-498e-91f3-40b567b102dc/1 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Sakaluk, J., L.M. Todd, R. Milheusen en N.J. Lachowsky. 2014. Dominant heterosexual sexual scripts in emerging adulthood: Conceptualization and measurement. *The Journal of Sex Research*, 51(5):516–31.

Sutton, A. 2023. Die bloudruk van erotiek: 'n Ondersoek na die konteks van seksuele gedrag in Afrikaanse romantiese fiksie. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit. [Aangepas].

Wiederman, M.W. 2005. The gendered nature of sexual scripts. *The Family Journal: Counseling and Therapy for Couples and Families*, 13(4):496–502.

Eindnotas

[1] Sutton, A. 2023. Die bloudruk van erotiek: 'n Ondersoek na die konteks van seksuele gedrag in Afrikaanse romantiese fiksie (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit). Die raamwerk vir die analise van karakters se seksuele draaiboeke en die konteks van seksuele handelinge in romantiese fiksie is ontwikkel vir die verhandeling en word daaruit onttrek en aangepas.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g2

Dankie aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die finansiële ondersteuning wat die voltooiing van die verhandeling moontlik gemaak het.

[2] *Script* word as *draaiboek* vertaal en word deurlopend so gebruik. Motiverings en besprekings vir hierdie vertaalkeuse word in my verhandeling (sien nota 1) en in 'n *Stilet*-artikel (De Korte en Sutton 2021) uiteengesit. *Draaiboek* is gekies om aan te sluit by die dramatiese, performatiewe en instruksie-elemente van die teorie. Die skeppers, John Gagnon en William Simon, het hulle inspirasie in die dramatiese gevind en die teorie is daaruit ontwikkel, dus het ek gekies om hierdie oorsprong in die vertaling te behou.

[3] *Moeilikheid met 'n meermin* deur Sophia Kapp (2016); *Liefde vir 'n ridder* deur Didi Potgieter (2017); *Reis deur die hart* deur Leandra Naudé (2018); *Storm vol liefde* deur René van Zyl (2019); en *As dit voel soos liefde* deur Didi Potgieter (2020).